**VERWARRING OOR DIE MESSIAS 3**

37 Skriftuurlike Redes waarom ons glo, sonder om te twyfel, dat Y'shua, die Messias, 'n mens is wat deur Yahweh, die enigste en soewereine Almagtige, verkies, gesalf, gestuur, toegerus, bewaar en verhoog is.

Y'shua verklaar uitdruklik dat die werke wat Hy gedoen het, nie sy eie werke was nie, maar werke wat die Vader Hom beveel en gegee het om te doen (Joh 5:36; Joh 10:25; Joh 14:10).
Y'shua verklaar uitdruklik, en sonder enige verwysing na die Drie-eenheid, of 'n ander soort eenheid, dat sy Vader groter is as wat Hy is en dat Hy nie dieselfde verering en lofbetuiging as sy Vader moet ontvang nie (Joh 13:16; Joh 14:28; Matt 19:17; Luk 10:27; Joh 8:49).
Y'shua word voorgestel as 'n Hoëpriester (volgens die orde van Melgisedek - Heb 5:6; 6:20). Per definisie is 'n hoëpriester 'n mens wat namens ander mense tot Yahweh nader.
Y'shua verklaar uitdruklik dat Hy en sy Vader nie een persoon (of een wese) is nie, maar twee persone (of twee wesens) omdat sy eie getuienis (oor Homself) en sy Vader se getuienis oor Hom (oor Y'shua), voldoen aan die bepaling van die Torah dat die getuienis van twee persone 'n geldige getuienis is (Joh 8:17-18).
Die apostel Shaúl (Paulus) verklaar uitdruklik dat Y'shua sy lewe vir Yahweh leef en dat Hy lewe uit die krag van Yahweh (Rom 6:10; 2 Kor 13:4 - sien ook Luk 22:43).
Y'shua verklaar uitdruklik dat sy Vader met Hom was en Hom nie alleen gelaat het nie, met die duidelike veronderstelling dat Hy en sy Vader aparte wesens was en dat dit in beginsel moontlik was dat sy Vader Hom kon verlaat (Joh 8:29; Joh 16:32; Mat 27:46).
Die Skrif verklaar uitdruklik dat Yahweh aan Y'shua die openbaring gegee het wat uiteindelik neerslag gevind het in die Boek van Openbaring (Openb 1:1). Hy kon die openbaring tog nie aan Homself gegee het nie! Let daarop dat dit gebeur het op 'n tydstip lank ná die hemelvaart van Y'shua.
Die apostel Kefa (Petrus) verklaar uitdruklik dat Y'shua 'n man is (kan ook vertaal word: "mens"), wat deur Yahweh aangestel is en dat Yahweh Hom in staat gestel het om tekens en wonders te doen (Hand 2:22).
Die Skrif verklaar uitdruklik dat Y'shua tot Yahweh, sy Vader gebid en sekere dinge van Hom gesmeek het, iets wat geen sin maak as Y'shua dieselfde wese as Yahweh is nie (Luk 6:12; Heb 5:7).
Y'shua verklaar uitdruklik dat daar sekere dinge is wat nie in sy mag of in sy hande is nie, maar alleen in die mag en die allesomvattende kennis van die Vader (Mat 20:23; Mat 24:36; Hand 1:7).
Y'shua verklaar uitdruklik dat Hy deur sy Vader geleer word en ook sy opdragte van sy Vader ontvang (Joh 7:16; Joh 8:28; Joh 12:49).
In Hebreërs word uitdruklik verklaar dat Y'shua tydens sy lewe hier op aarde minder gemaak is as die boodskappers (engele) - dis ondenkbaar dat Yahweh vir enige vorm van tydsverloop minder of geringer of kleiner as sy eie boodskappers kan wees (Heb 2:9).
Shaúl verklaar uitdruklik dat daar net één Elohiem is (d.w.s. Yahweh) en net één Middelaar tussen hierdie Elohiem en die mense, en hierdie Middelaar is die mens, Y'shua, wat aan ons geopenbaar is as die Messias (1 Tim 2:5; 1 Kor 8:6).
Die Skrif verklaar uitdruklik dat Y'shua die Messias is, d.w.s. die een wat deur Yahweh as die Koning van die beloofde koninkryk aangewys en gesalf is. Logies gesproke kan die een wat gesalf is, nie dieselfde wees as die Een wat Hom gesalf het nie (Luk 4:18; Hand 10:38).
Die Skrif verklaar uitdruklik dat die Messias, nadat sy werk hier op aarde voltooi is, verhoog is tot 'n posisie aan die regterhand van sy Vader, vanwaar Hy vir die gelowiges (as Hoëpriester) intree by Yahweh, sy Vader. Die een wat aan die regterhand van Yahweh is en by Yahweh intree vir die gelowiges, kan nie dieselfde wees as Yahweh self nie (Mat 26:64; Hand 7:55; Heb 12:2).
Die Skrif verklaar uitdruklik dat Y'shua deur Yahweh na die wêreld gestuur is. Dit beteken Y'shua kan nie een en dieselfde as Yahweh wees nie (Joh 3:17; Joh 4:34).
Y'shua verklaar uitdruklik dat Hy sy eie wil ondergeskik stel aan die wil van sy Vader, met ander woorde wat sy Vader wil doen, is vir Hom baie belangriker as sy eie begeertes en sy eie wense (Joh 4:34; Joh 6:38; Mat 26:39).

Y'shua verklaar uitdruklik dat Hy afhanklik van sy Vader is, met ander woorde Hy is nie Yahweh, wat van niemand of niks anders, afhanklik is nie (Joh 5:26; Joh 6:57).
In al die openbare getuienisse van die apostels en die vroeë gelowiges oor die Messias, word Y'shua konsekwent as 'n mens voorgestel (Hand 2:22; 7:56; 13:23). As hulle Hom as Yahweh sou voorstel, sou dit geweldige reperkussies onder die oorwegend Joodse gehore gehad het (iets wat in die apostoliese tyd glad nie gebeur het nie, maar wél later in die geskiedenis, toe die Christelike kerk die leer van die Drie-eenheid begin formuleer het).
Die Skrif verklaar uitdruklik dat Y'shua in die toekoms, nadat Yahweh alles aan Hom onderwerp het, op sy beurt Homself opnuut aan Yahweh sal onderwerp (1 Kor 15:28).
Die profesieë oor die Messias in die Voor-Messiaanse Geskrifte (Ou Testament) is eenstemmig daaroor dat die Messias 'n mens sou wees wat ondergeskik aan Yahweh is (Deut 18:15; Jes 11:1-3; Jes 53:3; Sag 6:12).
Die Skrif verklaar uitdruklik dat Y'shua gesterf het en dat Yahweh Hom uit die dood opgewek het (Hand 2:32; Hand 3:15; Efes 1:20).
Die Skrif verklaar uitdruklik dat Yahweh sy Seun, Y'shua verhoog het en aan Hom 'n posisie bo ander gegee het (Hand 5:31; Efes 1:22; Fil 2:9).
Die Skrif verklaar uitdruklik dat Y'shua toegeneem het in wysheid en geleer het wat gehoorsaamheid is (Luk 2:52; Heb 5:8).
Y'shua verklaar uitdruklik dat diegene wat Yahweh gehoorsaam, sy broers en sy susters is, met die veronderstelling dat hierdie broers en susters van Hom, net soos Hy, Yahweh se wil navolg en eerbiedig (Mat 12:50; Hand 3:22; Rom 8:29).
Die Skrif laat geen twyfel nie dat die vroeë volgelinge van die Messias, tot Yahweh alleen gebid het, in die Naam van Y'shua, die Messias (Rom 7:25; 1 Kor 15:57; Efes 5:20).
Die Skrif verklaar uitdruklik dat Y'shua deur Satan versoek is, maar dat Yahweh, daarenteen, nie versoek kan word nie (Mat 4:1; Jak 4:13).
Die Skrif verklaar uitdruklik dat Y'shua uit een van die 12 stamme van Yiesraél (Israel) gebore is, 'n nasaat van Dawied en die wettige seun van Josef en Maria (Mat 1:1; Mat 2:6; Mat 13:55; Mat 21:9).
Die Skrif verklaar dat Y'shua sy hemelse Vader by meer as een geleentheid gedank het omdat Hy (Yahweh) Hom (Y'shua) verhoor het (Mat 11:25; Mat 14:19; Joh 11:41).
Die Skrif verklaar uitdruklik dat Y'shua sy outoriteit en sy mag van die Vader ontvang het (Mat 28:18; Luk 10:22; Joh 3:35).
Die Skrif verklaar uitdruklik dat Yahweh alleen oor onsterflikheid beskik, met ander woorde: dit wat Yahweh van alle ander wesens onderskei, is die feit dat Hy nooit sterf nie. Omdat Y'shua gesterf het, kan hy nie Yahweh wees nie - Yahweh beskik egter oor die mag om aan Y'shua, en deur Hom, ook aan ons, onsterflikheid te gee (1 Tim 6:16; 1 Kor 15:53).
Die Skrif verklaar uitdruklik dat Yahweh die hoof van Y'shua is (1 Kor 3:23; 1 Kor 11:3; Efes 1:22) en Y'shua die hoof van die uitverkorenes (Efes 1:10; Efes 5:23; Kol 1:18).
Die Skrif verklaar uitdruklik dat Yahweh gees is en dat niemand Hom nog ooit fisies gesien het nie. Hierdie stelling kan nie waar wees as Y'shua, vir wie baie gesien het, dieselfde wese as Yahweh is nie (Joh 1:18; Kol 1:15; 1 Tim 1 :17; 1 Tim 6:16; 1 Joh 4:12).
Die Skrif verklaar uitdruklik dat Yahweh een is (Deut 6:4). Die Skrif is ook duidelik daaroor dat die een-wees van Yahweh in die meeste gevalle nie "eenheid" kan beteken nie, maar slegs "een, as die teenoorgestelde van meer as een" (Deut 32:12; Neh 9:6; Ps 83:18; Jes 42:8; Mat 4:10; Joh 5:44).
Die Skrif verklaar uitdruklik dat Y'shua sy Vader, Yahweh, erken en bely het as "sy Elohiem" en dat Hy meer as een maal die woorde "my Elohiem" gebruik het om na Yahweh te verwys - selfs ná sy verhoging en hemelvaart (Joh 20:17; Openb 3:20).
Die Skrif verklaar uitdruklik dat Y'shua 'n werk hier op aarde moes verrig om aan mense die kans te bied om Yahweh te leer ken of in hulle verhouding met Yahweh herstel te word (Luk 2:29-32; Rom 5:11; 2 Kor 5:18; 1 Pet 3:18).
Die Skrif verklaar uitdruklik dat Y'shua, deurdat Yahweh Hom uit die dood opgewek het, die eersteling geword het van die wat uit die dood sal opstaan ("eersteling" = "die eerste van nog baie ander wat sal volg" - 1 Kor 15:20; 1 Kor 15:23; Rom 8:11; Kol 1:18; 1 Pet 1:3; Openb 1:5).